Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 | kerk@kerk.co.za | www.kerk.co.za | bfn_baptiste | Bloemfontein Baptiste Kerk

# Yskas Waarhede

## Deel 4 - Oorweldig

Vriende ons wil hê dat julle moet weet hoe swaar ons gekry het. Ons het baie swaar gekry, dit het ver bo ons kragte gegaan, dit was vir ons te veel, ons het gedink ons sal doodgaan. Dit het vir ons gevoel asof die doodsvonnis oor ons uitgespreek is.

***(Verw. 2 Korintiërs 1:8-9 AFR83; ABA; DB).***

**Handelinge 16:19-24** Toe haar eienaars sien dat sy nie meer geld vir hulle kan inbring nie, het hulle vir Paulus en Silas gegryp en hulle na die owerheid toe op die stadsplein gesleep. Hulle het hulle voor die stadsbestuur gebring en gesê: "Hierdie mense is Jode wat moeilikheid maak in ons stad. Hulle wil vir ons gebruike leer wat ons as Romeine nie kan aanvaar of navolg nie." Die skare het ook teen hulle gekant geraak. Die stadsbestuur het toe hulle klere van hulle laat afskeur en beveel dat hulle lyfstraf moet kry. Nadat hulle baie geslaan is, is hulle in die tronk gegooi, en die bewaarder het opdrag gekry om hulle streng te bewaak. Op hierdie bevel het hy hulle in die binneste sel opgesluit en hulle voete in die houtblok vasgeklem.

**2 Konings 18:5-7** Hiskia het op die Here die God van Israel vertrou. Nie een van al die konings van Juda voor of na Hiskia was soos hy nie. Hy was getrou aan die Here en het nie van Hom af weggedraai nie. Hiskia was gehoorsaam aan die gebooie wat die Here aan Moses gegee het. Die Here was by Hiskia, en Hiskia was voorspoedig in alles wat hy onderneem het.

**2 Konings 19:9-11** … Die koning van Assirië stuur toe weer gesante na Hiskia toe met die boodskap: "Sê vir koning Hiskia van Juda: Moenie dat jou God op wie jy vertrou, jou mislei met sy versekering dat Jerusalem nie in my mag oorgegee sal word nie. Jy het mos gehoor hoe die konings van Assirië die een land na die ander verwoes het. Sal jý dan vrykom?

**Handelinge 16:25-26** Teen middernag was Paulus en Silas besig om te bid en tot lof van God te sing. Die ander gevangenes het na hulle geluister. Skielik kom daar 'n groot aardbewing wat die fondamente van die tronk geskud het. Al die deure van die tronk het onmiddellik oopgegaan, en al die gevangenes se boeie het losgeraak.

**Handelinge 16:30-31** Hy het hulle buitekant toe gevat en gevra: "Menere, wat moet ek doen om gered te word?" Hulle antwoord hom: "Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin."

**2 Konings 19:14-16** Hiskia het die briewe wat die gesante gebring het, gevat en gelees. Daarna het hy na die huis van die Here toe gegaan en die briewe voor die Here oopgesprei. Toe het hy tot die Here gebid: "Here, God van Israel, U wat oor die gerubs troon, U alleen is God oor al die koninkryke van die aarde, U het die hemel en die aarde gemaak. Hoor tog, Here, luister, kyk tog, Here, let tog op! Hoor tog wat Sanherib gesê het; hy het U, die lewende God, in sy boodskap beledig!

**2 Konings 19:19** Here, ons God, red ons tog uit die mag van die Assiriese koning. Dan sal al die koninkryke van die aarde besef dat U, Here, alleen God is."

**2 Konings 19:35-36** Daardie nag het 'n engel van die Here gegaan en honderd vyf en tagtig duisend man in die Assiriese kamp doodgemaak. Toe die Assiriërs die môre vroeg opstaan, lê die lyke almal daar. Koning Sanherib van Assirië het toe kamp afgeslaan en hy is terug Nineve toe en het daar gebly.

**Johannes 16:33** Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin.

**2 Korintiërs 1:10(AFR53)** [God] wat ons verlos het uit so 'n groot doodsgevaar en nog verlos; op wie ons hoop dat Hy ook nog sal verlos,

Here, vandag lê ek die volgende dinge wat my oorweldig voor U neer: